# VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Baie geluk aan die lidmate wat DV gedurende die week hulle verjaardag vier! Saam met u dank ons die Here vir Sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot die eer van sy Naam!

| Dag | Datum | Naam en van |
|---|---|---|
| So | 18/05 | **Ina Pelser,**. Wyk 3 |
| Sa | 24/05 | **Marli Nortjé,** Wyk 9. |
| | | **Chris de Goede,** Wyk 5 |

**Seënbede met meelewing Psalm 115: 7 en 8**

## DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

**Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: Potchefstroom.

# HAMBURGERBRAAI



**Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai**

**VRYDAGAAND**
**23 MEI 2025**



Ons kuier gesellig saam vanaf 16:30 by die saal.
Vir 'n bestelling bel Pieter by die kerkkantoor
☏ 018 294 4600 of ☏ 082 923 1384
**R 30 Hamburgers. Worsbroodjies R 30 Pannekoek R 5**



# Op die Kerkwerf


Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 41, nr 17 Sondag 18 Mei 2025
*REDAKTEUR:* **RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422**
rudynell@telkomsa.net


**Eredienste:** 09:30 en 17:00 — **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Kantoor 018 294 4600** — **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** — **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
**E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za — **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurte by eredienste en Kategese.**
**Ouderlinge:** Wyk 7 **Chris van Ryssen** en Wyk 8 **Frans Coetzee**
**Diakens:** Wyk 7 **Rudy van der Spoel** en Wyk 8 **Frans Drijfhout**

## EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dijk

*Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers*

**Oggenddiens om 9:30 en middagdiens om 17:00**
**Eredienste ook per whatsapp**

**OGGEND: NAGMAAL EN GEMEENTE-ETE**
**Woordbediening:** Johannes 6:47-71. **Fokusverse:** Johannes 6: 68 - 69.
**TEMA:** *Kom na Christus - Hy het die woorde van die ewige lewe.*
**Sing:** Psalm 122: 1, 2; Psalm 118: 1, 12; Skrifberyming 9-3: 1, 2 (70); Psalm 23: 3; Psalm 116: 1 & 4, 2 & 3, 5 & 6, 7 & 8, 9 & 10; Psalm 103:1, 2, 3.
**Sing met meelewing:** Psalm 115: 7, 8.

**AAND: Woordbediening:** Genesis 4, 6:1-8.
**Belydenis:** Dordtse Leerreël, Hoofstuk 3 & 4, artikel 4.
**Sing:** Psalm 4:2, 3 (tweede melodie); Psalm 104: 1, 2, 19, 20; Psalm 119:26 (tweede melodie); Psalm 89:1, 6; Skrifberyming 19-3:1, 2, 3, 4 (25) (melodie Psalm 134; na die wegstuurseën).

**KOLLEKTES VANOGGEND:** ***Diens van Barmhartigheid*** in die **BLOU** sakkies en in die ROOI sakkies vir die *KERKKAS*
**VANAAND**: **Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en **Kerkkas** (ROOI)
**Volgende week:** Spesiale kollekte is vir *Emeritaatsversorging*

## EREDIENSTYE: HERFS EN WINTER

Vir die tydperk van **Mei tot Augustus** elke jaar, die aanderedienste met 'n uur vervroeg en begin om 17:00 op Sondag-middae.

## LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

### VOORBIDDING

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

**Peet Buys** sterk tans tuis aan nadat een van sy tone verlede week geamputeer moes word. Ons bid hom en Elsie en hulle dierbares die krag en genade van ons hemelse Vader toe.

ŉ Skoonsuster van **Machteld Van Aswegen**, **Sarie Du Toit**, het vry-ernstige brandwonde opgedoen toe ŉ stoompot oopgegaan het. In die proses het sy geval en haar heup gebreek sodat sy ŉ heup-vervanging moes kry. Ons dank ons troue Verbondsgod dat die operasie suksesvol was, en dat sy by die huis aansterk. Sy en haar man Johan is lidmate van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Suid.

**Kobus Mentz** het Maandag ŉ geslaagde operasie aan sy hand ondergaan. Hy het baie pyn en kan vir ses weke nie sy regterhand gebruik nie. Ons is dankbaar dat Elsa vir twee weke Kobus in Pretoria kan bystaan. Ons gebed is dat Kobus spoedig volkome mag herstel.

**Bennie van den Bergh** is sedert verlede Vrydag in die hoësorgeenheid van Mediekliniek opgeneem, aanvanklik as gevolg van bloeddrukverwante komplikasies. Ongelukkig het Bennie ook ŉ ernstige infeksie onder lede en die infeksietelling wil maar net nie laer nie. Ons verseker Bennie en Wouna van ons volgehoue voorbidding vir hulle.

Ons doen voorbidding vir **Saartjie Badenhorst** wat gehoor het dat sy op 28 Mei ŉ operasie in die Wilgeheuwel Hospitaal moet ondergaan. Mag u in afwagting op die prosedure die vrede van ons Here ontvang.

**Mandie de Klerk** moet môre ŉ biopsie ondergaan. Ons verseker haar van ons voorbidding - mag u in hierdie tyd die vrede van ons Here ontvang en dat dit oor u hart en gedagtes die wag mag hou.

**Japie van Jaarsveld** moet môre weer ŉ opvolg-besoek by die dokters bring. Dit is ons bede dat daar vir Japie verligting mag kom en dat die dokters gelei mag word met wysheid en insig om die regte behandeling vir Japie te kan voorskryf.



**Frans Drijfhout** het Donderdag ŉ uitsnyding laat doen en die biopsieuitslae word nou afgewag. Ons verseker Frans en Pietro ook van ons voorbidding vir hulle.

### MEEGEVOEL

Ons betuig ons innige meegevoel met **Ment Larney** en haar kinders nadat **Tom Larney** Maandag oorlede is. Tom en Ment was gereelde besoekers by ons hamburgerbraai en hy was ook die eerste redakteur van ons *Op die Kerkwerf*. Die ter aarde bestelling is Maandag 11:00 by die ou begraafplaas. Die troosdiens is om 12:00 in GK Potch-Oos. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

## ALGEMENE AFKONDIGINGS

### DAGBOEK

| Dag | Datum | Tyd | Aktiwiteit | Vergaderplek |
|---|---|---|---|---|
| Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak | | | | |
| **So** | **18/05** | **09:30** | **NAGMAAL EN GEMEENTE-ETE** | |
| Di | 20/05 | 14:00 | Bybelstudie Huis Eikelaan | Kapel |
| Wo | 21/05 | 18:00 | Bybelstudie: 1 Korintiërs St 2 | Konsistorie |
| Vr | 23/05 | 17:30 | **Gemeente-aand, Hamburger-braai. LAASTE VOOR DIE** | Kerkterrein **WINTER** |
| So | 25/05 | 15:30 | Erediens Huis Eikelaan | Kapel |
| Do | 29/05 | 19:00 | **HEMELVAART-EREDIENS** | Reëlings volg |

| **KATKISASIE** | **Sondag 11 Mei 2025** | **Sondag 25 Mei 2025** |
|---|---|---|
| **Hoërskoolkatkisasie** | Les 11 & 12 | Les 13 |
| **Lesrooster:** | Les 11 & 12 | Les 13 |
| **Psalmvers:** | Psalms 45: 1 en 16 | Psalms 45: 1 en 16 |
| **Heidelbergse Kategismus:** | Sondag 11 & 12 | Sondag 13 |
| **Memoriseerwerk (Gr. 1-2)** | Twaalf Artikels | Twaalf Artikels |

### BYBELSTUDIE

- Die Bybelstudie by Huis Eikelaan in die Kapel eerskomende Dinsdag sal slegs vir die een geleentheid om 14:00 begin en nie om 15:00 nie. Almal is welkom.
- Woensdag 21 Mei om 18:00 in die Konsistorie. Studie 2 van 1 Korintiërs uit prof. Jorrie Jordaan se boekie, *"Voëlvlug deur die Boeke van die Nuwe Testament"*, word behandel.

**EREDIENS: HUIS EIKELAAN**

Die erediens op Sondag 25 Mei om 15:30 in die Kapel van Huis Eikelaan vind onder kerkraad se toesig plaas. Die ouderlinge van wyk 9 en 10 (oudl. Harms Stavast en oudl. Fanie Jooste) sal die toesigbeurt waarneem en prof. Chris van der Walt sal in die erediens voorgaan.

## NAGMAAL-ETE

U word hiermee hartlik uitgenooi na die

**Nagmaalete VANOGGEND 18 Mei 2025 om 12:00.**

Spyskaart vir gemeente-ete: Hoenderpastei met gemengde groente en kaassous en broodrolletjies, nagereg is malva-poeding met vla en roomys. Ons vra dat die susters slaaie sal bring, om met die gemeente te deel.

Geen kostes per persoon, maar donasies is welkom..

## 2025 SKOLIESKAMP DISSIPELSKAP 6 – 11 JULIE

Dit is 'n groot voorreg vir die studente van Gereformeerde Kerk Cachet, in Potchefstroom.om verantwoordelik te wees om die jeugkamp naamlik die Skolieskamp te reël, die kamp is 'n geleentheid waar skolies (graad 10-12) die kamp kan bywoon. Ons nooi alle skolies en studente uit om saam met ons te kom kamp by Takwasa.

Dit gee die geleentheid om saam met medegelowiges te groei in die geloof deur die bybelstudies wat ons aanbied, daar is ook praatjies op die kamp wat die skolies sal kan toerus vir die jaar wat voorlê. Laastens is daar baie pret wat op die kamp gebeur waar ons baie speletjies speel en die skolies dan die geleentheid kry om mekaar goed te leer ken en waar vriendskapbande gebou kan word. Hier is ook die skakel waar die skolies kan inskryf: https://forms.gle/2tWHcBQGrHDwVAiv7

Die inskrywings vir die Skolieskamp sluit die 27ste Junie 2025.

Indien daar enige vrae rakende die eerstejaarskamp is kan julle vir Luhan kontak by 079 886 5661.

## Blyplek gesoek

Blanche du Plessis soek blyplek vir haar ToyPom-hondjie. Die hondjie is 8 jaar oud. Skakel Blanche by 082 335 2283 as u kan help.



## VAN ONS SUSTERS

## PANNEKOEK BAK101

Dit was maar met benoude harte, maar ook vol moed en durf dat ons susters die eerste pannekoekbakgeleentheid by Pick 'n Pay aangepak het.

Dit is egter met groot dankbaarheid dat ons kan getuig dat alles baie voorspoedig afgeloop het.

Die saamwerk, saamlag en mekaar beter leer ken was van onskatbare waarde! Dit bou ons as die liggaam van Christus.

Na so 'n geleentheid wil en moet mens altyd dankie sê en dit doen ek dan nou graag:

- Aan ons Hemelse Vader wat aan ons die geleentheid, die wil en die vermoë gegee het om dit te kon doen. Ook vir die groot seën wat op die poging gerus het.
- Anita Stavast, wat hierdie bakkery tot in die fynste besonderheid beplan het.
- Marlise Stoop wat vir Anita opgelei het en haar toerusting vir ons geleen het.
- Van Stavasts gepraat, Harm, baie dankie dat jy jou tyd opgeoffer het om ons "geldman" te wees.
- Elke suster wat 'n donasie gemaak het, of dit nou bestanddele was of kontant, dit het gemaak dat ons feitlik skoon wins kon maak.
- Elke suster wat kom help het: bakkers, rollers, pretmakers – elkeen was 'n groot bate!
- Nelly, wat sonder om twee keer te dink, vyf liter deeg huis toe geneem het en Rudy, wat vir ons die pannekoek gebak het, toe ons "vasgebrand" het.

Dis met groot dankbaarheid dat ons kan sê dat ons met hierdie poging R10 560 wins gemaak het.

Ons glo dat ons dit met groot vrug in Sy diens sal kan bestee.

Ons volgende geleentheid is **DV 11 en 12 Julie**, dan sal ons weer vra vir donasies en hulp.

Nogmaals baie dankie aan elkeen!

Groete Alta Pretorius